KAAP AGULHAS
MUNISIPALITEIT

Finansiële Internskappe (3 poste)

Die Munisipale Finansiële Bestuur Internskapprogram het dit ten doel om munisipaliteite se kapasiteit te bou, ten einde die munisipale hervormings wat deur die Wet op Plaaslike Regering: Finansiële Bestuur, 2003 voorgeskryf word, te implementeer. Die program streef daarna om posbekleërs toe te rus met vaardighede soos strategiese beplanning en -bestuur, munisipale begrotings- en finansiële bestuur. Die opleiding is gerig op indiensopleiding wat die deelnemers blootstel aan praktyke, gebruike en wetgewing van toepassing in die munisipale finansiële omgewing.

Kaap Agulhas Munisipaliteit beskik tans oor drie vakatures op 'n tweejaar-kontrakbasis wat strek vanaf 1 Januarie 2011 tot en met 31 Desember 2012, binne die Munisipale Finansiële Bestuur Internskapprogram.

Voornemende aansoekers moet pas gegradueerdes wees met ten minste 'n drie-jaar- B.-graad, of 'n gelykwaardige diploma, in Finansiële Bestuur. Die kwalifikasie moet, onder meer, Finansiële Rekeningkunde I, II & III, Ouditkunde I, Handelsreg I, Ekonomie I en Bedryfsekonomie I/Besigheidsbestuur I en Plaaslike Regeringsbestuur I insluit, terwyl Munisipale Finansies III in die kandidate se guns sal tel.

Die suksesvolle kandidate sal vir die volgende verantwoordelik wees:

Funksies: • interne kontrole, ouditering en risikobestuur sal dien as die vertrekpunt van die Munisipale Finansiële Bestuur Internskapprogram • hulpverlenging met die opstel en koördinering van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) • hulpverlenging met die opstel van 'n jaarlikse kapitaal- en bedryfsbegroting • ondersteuning met die koppeling van die begroting en die GOP • finansiële rekeningkunde (te boek stel van transaksies) • hulpverlenging met die opstel van jaarlikse state • ondersteuning met die implementering en bestuur van Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, algemeen bekend as GRAP (Generally Recognised Accounting Practice) • ondersteuning met die implementering van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en Hervorming • ondersteuning met finansiële verslagdoening aan die Raad • diverse funksies en verantwoordelikhede binne die munisipale bestel.

Vergoeding: 'n Allesinsluitende pakket, onderhandelbaar tussen R96 000 en R120 000 per jaar, na gelang van kwalifikasies en ondervinding.

Sluitingsdatum: 30 November 2010

Kaap Agulhas Munisipaliteit aansoekvorms is 'n vereiste vir oorweging van 'n aansoek, ongeag of 'n CV die aansoek vergesel. Sodanige vorms is verkrygbaar by die Munisipale Hoofgebou se Ontvangs of by me Janine Dixon-Kasira of by telefoon 028 425 5500. Navrae kan aan mnr J. Jamneck by voormelde telefoonnommer gedurende normale kantoorure gerig word.

Slegs aansoekvorms wat volledig ingevul is, met gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasiesertifikate, rybewys (indien dit 'n posvereiste is) en identiteits-dokument sal oorweeg word. Indien kwalifikasiesertifikate nie onmiddellik beskikbaar is nie, moet beëdigde verklarings as bewys van kwalifikasies ingedien word. Aansoeke wat na die sluitingsdatum deur die Menslike Hulpbronne kantoor ontvang word sal nie oorweeg kan word nie.

Rig asseblief u aansoeke aan R Stevens, Munisipale Bestuurder, Kaap Agulhas Munisipaliteit, Posbus 51, Bredasdorp 7280.

Persone wie teen 15 Desember 2010 nog geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Geen aansoekvorms, CV's of bewyse van kwalifikasies kan teruggeëis word van die Munisipaliteit nie. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te doen nie.

CAPE AGULHAS
MUNICIPALITY

Financial Internships (3 posts)

The Municipal Financial Management Intership Programme aims to build municipalities' capacity, in order to implement the municipal transformation, as prescribed by the Local Government: Financial Management Act, 2003. The programme strives to equip incumbents with skills such as strategic planning and management, municipal budget and financial management. The training is aimed at in-service training that will expose participants to practices, uses and legislation that applies to the municipal financial environment.

Cape Agulhas Municipality currently has three vacancies on a two-year contract basis from 1 January 2011 to 31 December 2012, within the Municipal Financial Management Internship Programme.

Prospective applicants must have graduated recently and be in possession of at least a three-year B. degree, or an equivalent diploma, in Financial Management. The qualification must include, inter alia, Financial Accounting I, II & III, Auditing I, Mercantile Law I, Economics I and Business Economics I/Business Management I/Local Governance I, while Municipal Finance III would enhance an application.

The successful candidates will be responsible for the following:

Functions: • internal control, auditing and risk management will serve as the basis of the Municipal Financial Management Internship Programme • assisting with the compilation and coordination of the Integrated Development Plan (IDP) • assisting with the compilation of the annual capital and operational budget • supporting the linking of the budget and the IDP • financial accounting (recording of transactions) • assisting with the compilation of annual financial statements • supporting the implementation and management of General Recognised Accounting Practice (GRAP) • supporting the implementation of the Municipal Financial Management and Transformation Act • supporting with financial reporting to the Council • diverse functions and responsibilities within the municipal sphere.

Remuneration: An all-inclusive package, negotiable between R96 000 and R120 000 per annum, in accordance with qualifications and experience.

Closing Date: 30 November 2010

Only applications on the official Cape Agulhas Municipality application form will be considered, irrespective of whether an application is accompanied by a CV. These forms are available from reception at the Municipal Main Building or from Ms J. Dixon-Kasira at tel. 028 425 5500. Enquiries may be directed to Mr J. Jamneck at the same telephone number during normal office hours.

Only fully completed application forms, accompanied by certified copies of qualification certificates, driver's licence (if a requirement) and identity document, will be considered. Should qualification certificates not be readily available, a sworn statement is required as proof of qualifications. Applications received by the Human Resources office after the closing date will not be considered.

Please forward applications to R Stevens, Municipal Manager, Cape Agulhas Municipality, P.O. Box 51, Bredasdorp 7280.

Persons who have not received any feedback by 15 December 2010, must accept that their applications were unsuccessful. No applications forms, CVs or proof of qualifications can be claimed back from the Municipality. The Municipality reserves the right not to make an appointment.

www.ayandambanga.co.za